

25 November

Skrifgedeelte: Jesaja 17-19
Fokusgedeelte: Jesaja 18:19-25 (veral vers
23,24)

'n Grootpad na vrede

In die dae van Jesaja was Egipte en Assirië die twee sterkste moondhede. Hulle was ook dikwels mekaar se grootste vyande. Daar was 'n belangrike handelsroete wat die twee lande verbind het. Die handelsroete het deur die gebied van Israel geloop en was die oorsaak dat die koninkryke van Israel en Juda dikwels betrek is by oorloë tussen die twee groot moondhede. Omstandighede het Israel en Juda meermale gedwing om kant te kies wanneer die Egiptenare en Assiriërs mekaar gepak het. Hulle het dikwels ook die verkeerde kant gekies, met verskriklike gevolge. Jesaja sien egter dat daar 'n dag sal aanbreek wanneer die grootpad nie meer vyandelike verkeer sal dra nie, maar vriendskaplike verkeer. Op daardie dag sal Assirië, Egipte en Israel saam vrede beleef en saam die Here dien. Israel was in 'n besondere sin God se volk in die tyd van die Ou Testament. Hy het hulle verkies om as sy instrument te dien. Deur hulle wou die Here ook die ander volke bereik. Hiervan het nie veel in die tyd van die Ou Testament gekom nie. Die werklike deurbraak het eers na Pinkster gekom toe die evangelie na alle volke begin uitgaan het. In die tyd van die vroeë kerk was daar baie gelowiges in Egipte en Mesopotamië. Die finale vrederyk, waar alle gelowiges saam die Here sal ken en dien, sal eers aanbreek met die wederkoms van Christus, wanneer die hele wêreld sy heerskappy sal moet erken.

Sing: Psalm 98:1,4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)